HUMANITAS
RGN • HSRC

# die vermenigvuldigerseffek van werkgeleentheidskepping vir die inwoners van temba

001.3072068 HSRC MM 63

raad vir geesteswetenskaplike navorsing

Klasnr./Class No. 001.3072068 HSRC MM 63
Registernr./No. 49398/8

**RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING**
**Privaatsak X41, Pretoria 0001, Republiek van Suid-Afrika**
**Telefoon: 48-3944** **Telegramme: RAGEN**

**President:** Dr. A. L. Kotzee
**Vise-presidente:** Dr. J. D. Venter en dr. A. J. van Rooy
**Sekretaris:** Mej. K. M. Henshall

## Institute van die RGN

Geskiedenisnavorsing
Inligting en Spesiale Dienste
Kommunikasienavorsing
Mannekragnavorsing
Navorsingsontwikkeling
Opvoedkundige Navorsing
Psigometriese Navorsing
Sosiologiese, Demografiese en Kriminologiese Navorsing
Statistiese Navorsing
...al, Lettere en Kuns
...inistrasie

## ...GN

...vorder en koördineer navorsing op die gebied ...e, dien die Regering en ander instansies ...ng van navorsingsbevindinge en versprei ...wetenskappe.

04990

SUID-AFRIKAANSE RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING

# DIE VERMENIGVULDIGERSEFFEK VAN WERKGELEENTHEIDSKEPPING VIR DIE INWONERS VAN TEMBA

J.A. VERMAAK, B.Comm.

INSTITUUT VIR MANNEKRAGNAVORSING

DIREKTEUR: W. VERHOEF

0000505032

PRETORIA

1976

Verslag nr. **MM-63**

Kopiereg voorbehou

001.3072068 HSRC MM 63

Prys: R2,10

ISBN 86965 352 0

# VOORWOORD

Dit is tans owerheidsbeleid om die Bantoetuislande ekonomies te ontwikkel, onder andere met die doel om aan soveel Bantoes as moontlik werkgeleenthede in hul eie tuislande te verskaf en so die lewenspeil van die inwoners van die tuislande te verhoog.

Beplande ekonomiese ontwikkeling van 'n land of gebied sonder 'n deeglike kennis van sekere plaaslike omstandighede soos die beskikbaarheid van hulpbronne en infrastruktuurdienste, die ligging en grootte van die afsetmark en die grootte van die vermenigvuldiger, is amper onmoontlik. Die vermenigvuldiger is vir ekonomiese beplanningsdoeleindes veral van belang omdat dit die beplanner in staat stel om met 'n groter mate van sekerheid te bepaal hoeveel in 'n land of gebied belê moet word om die eko= nomie daarvan so ver te ontwikkel dat werkgeleenthede en die bruto binnelandse produk elk met 'n bepaalde persentasie sal styg.

Die presiese berekening van vermenigvuldigers vir die tuislande lewer baie probleme op, maar daar word vertrou dat die berekening van die vermenigvuldigeraksie in hierdie studie 'n positiewe bydrae tot hierdie probleemveld sal lewer.

Die Instituut vir Inligting en Spesiale Dienste en die Instituut vir Statistiese Navorsing word ook hiermee onderskei= delik vir redigering en rekenaarverwerkings bedank.

A. v. Coetzee
PRESIDENT
September 1976

INHOUD


| | | BLADSY |
|---|---|---|
| SUMMARY/OPSOMMING | | v |
| 1 | AGTERGROND | 1 |
| 2 | DOEL | 2 |
| 3 | GEBIEDSOMSKRYWING | 2 |
| 4 | DIE VERMENIGVULDIGER | 2 |
| 5 | METODE VAN ONDERSOEK | 7 |
| 6 | STEEKPROEF EN ONDERSOEKGROEP | 8 |
| 6.1 | Ouderdom en geslag | 9 |
| 6.2 | Beroep, ekonomiese sektor en werkstatus | 10 |
| 6.3 | Kwalifikasies | 10 |
| 6.4 | Plek van werk, afstand van werk en soort vervoer | 10 |
| 7 | DIE VERBAND TUSSEN INKOMSTE EN BESTEDING | 14 |
| 7.1 | Inleiding | 14 |
| 7.2 | Besteding van vroue | 18 |
| 7.3 | Besteding van mans | 26 |
| 7.4 | Totale besteding van mans en vroue gesamentlik | 34 |
| 7.5 | Gevolgtrekking | 34 |
| 8 | OORSPRONG VAN GOEDERE EN DIENSTE WAT DEUR DIE ONDERSOEKGROEP PLAASLIK AANGEKOOP IS | 38 |
| 9 | BEREKENING VAN DIE VERMENIGVULDIGERS | 38 |
| 10 | SAMEVATTING EN SLOTOPMERKINGS | 45 |
| 11 | SYNOPSIS | 48 |
| | BYLAE | 51 |
| | LITERATUURLYS | 57 |

TABELLE


| | | BLADSY |
|---|---|---|
| 6.1 | OUDERDOMSVERSPREIDING VAN DIE ONDERSOEKGROEP IN VYFJAAR-OUDERDOMSINTERVALLE VOLGENS GESLAG | 9 |
| 6.2 | BEROEPSVERSPREIDING VAN DIE ONDERSOEKGROEP VOLGENS GESLAG | 11 |
| 6.3 | VERSPREIDING VAN DIE ONDERSOEKGROEP VOLGENS EKONO= MIESE SEKTOR EN GESLAG | 11 |
| 6.4 | WERKSTATUS VAN DIE ONDERSOEKGROEP VOLGENS GESLAG | 12 |
| 6.5 | ONDERWYSPEILSTRUKTUUR VAN DIE ONDERSOEKGROEP VOLGENS GESLAG | 12 |
| 6.6 | GEOGRAFIESE VERSPREIDING VAN DIE ONDERSOEKGROEP SE WERKPLEK VOLGENS GESLAG | 13 |
| 6.7 | VERSPREIDING VAN ONDERSOEKGROEP VOLGENS AFSTAND VAN WERKPLEK | 13 |
| 6.8 | VERSPREIDING VAN ONDERSOEKGROEP VOLGENS TIPE VER= VOER WAT GEBRUIK WORD OM WERKPLEK TE BEREIK | 14 |
| 7.1 | MAANDELIKSE INKOMSTESTRUKTUUR VAN DIE ONDERSOEK= GROEP VOLGENS GESLAG | 17 |
| 7.2 | MAANDELIKSE SALARISSTRUKTUUR VAN DIE ONDERSOEKGROEP VOLGENS GESLAG | 18 |
| 7.3 | TOTALE MAANDELIKSE BESTEDINGSPATROON VAN AL 290 VROUE IN INKOMSTEGROEPE 1 TOT 4 (R1 TOT R91 + P.M.) | 19 |
| 7.4 | MAANDELIKSE BESTEDINGSPATROON VAN DIE 110 VROUE IN INKOMSTEGROEP 1 (R1 - R30 P.M.) | 20 |
| 7.5 | MAANDELIKSE BESTEDINGSPATROON VAN DIE 116 VROUE IN INKOMSTEGROEP 2 (R31 - R60 P.M.) | 21 |
| 7.6 | MAANDELIKSE BESTEDINGSPATROON VAN DIE 39 VROUE IN INKOMSTEGROEP 3 (R61 - R90 P.M.) | 22 |
| 7.7 | MAANDELIKSE BESTEDINGSPATROON VAN DIE 25 VROUE IN INKOMSTEGROEP 4 (MEER AS R91 P.M.) | 23 |
| 7.8 | TOTALE MAANDELIKSE BESTEDINGSPATROON VAN AL 286 MANS IN INKOMSTEGROEPE 1 TOT 4 (R1 - R91 + P.M.) | 28 |
| 7.9 | MAANDELIKSE BESTEDINGSPATROON VAN DIE 132 MANS IN INKOMSTEGROEP 1 (R1 - R30 P.M.) | 29 |
| 7.10 | MAANDELIKSE BESTEDINGSPATROON VAN DIE 97 MANS IN INKOMSTEGROEP 2 (R31 - R60 P.M.) | 30 |

7.11 MAANDELIKSE BESTEDINGSPATROON VAN DIE 26 MANS IN INKOMSTEGROEP 3 (R61 - R90 P.M.) 31

7.12 MAANDELIKSE BESTEDINGSPATROON VAN DIE 31 MANS IN INKOMSTEGROEP 4 (R91 EN MEER P.M.) 32

7.13 TOTALE MAANDELIKSE BESTEDINGSPATROON VAN AL 576 MANS EN VROUE IN INKOMSTEGROEPE 1 TOT 4 (R1 - R91 + P.M.) 35

8.1 OORSPRONG VAN GOEDERE EN DIENSTE WAT DEUR DIE 242 MANS EN VROUE IN INKOMSTEGROEP 1 (R1 - R30 P.M.) AANGEKOOP IS 39

8.2 OORSPRONG VAN GOEDERE EN DIENSTE WAT DEUR DIE 213 MANS EN VROUE IN INKOMSTEGROEP 2 (R31 - R60 P.M.) AANGEKOOP IS 40

8.3 OORSPRONG VAN GOEDERE EN DIENSTE WAT DEUR DIE 65 MANS EN VROUE IN INKOMSTEGROEP 3 (R61 - R90 P.M.) AANGEKOOP IS 41

8.4 OORSPRONG VAN GOEDERE EN DIENSTE WAT DEUR DIE 56 MANS EN VROUE IN INKOMSTEGROEP 4 (R91 + P.M.) AAN= GEKOOP IS 42

8.5 OORSPRONG VAN GOEDERE EN DIENSTE WAT DEUR DIE TOTALE ONDERSOEKGROEP (576) AANGEKOOP IS 43

9.1 MAANDELIKSE BESTEDING VAN DIE ONDERSOEKGROEP WAT AS PLAASLIK GEPRODUSEER BESKOU WORD IN VERGELYKING MET DIE TOTALE BESTEDING 44

001.3072068
HSRC mm63

049398 8

G

FIGURE

BLADSY


7.1 MAANDELIKSE BESTEDINGSPATROON VAN DIE VROUE VOLGENS INKOMSTEGROEPE 24

7.2 MAANDELIKSE BESTEDINGSPATROON VAN DIE MANS VOLGENS INKOMSTEGROEPE 33

7.3 TOTALE MAANDELIKSE BESTEDINGSPATROON VAN DIE ONDERSOEKGROEP VOLGENS GESLAG 36

## SUMMARY

This study deals with the multiplier effect which the creation of job opportunities in the vicinity of Temba has on Temba itself. Three multipliers, based on the spending pattern of different income groups, are calculated.



## OPSOMMING

Hierdie ondersoek handel oor die vermenigvuldigereffek wat werkgeleentheidskepping in die omgewing van Temba op Temba het. Orie vermenigvuldigers word bereken op die basis van die bestedingspatrone van verskillende inkomstegroepe.

# DIE VERMENIGVULDIGEREFFEK VAN WERKGELEENTHEIDSKEPPING VIR DIE INWONERS VAN TEMBA

## 1 AGTERGROND

Skepping van werkgeleenthede vir 'n vinnig groeiende Swart bevolking is van besondere belang vir die ekonomiese ontwikke= ling en sosiale stabiliteit van die RSA. Dit is net so belangrik dat hierdie werkgeleenthede nie in die metropolitaanse gebiede van Blank Suid-Afrika geskep sal word nie. Die verskillende aansporingsmaatreëls toon dat nywerheidsdesentralisasie vir die Regering 'n saak van erns is. Werkgeleenthede moet egter nie slegs in die gedesentraliseerde gebiede geskep word nie, maar ook in die tuislande self en met die uitsondering van enkele ge= biede waar die mynbou moontlikhede bied, sal hierdie werkge= leenthede deur ontwikkeling van die sekondêre nywerheid geskep word.

Nywerheidsontwikkeling in die tuislande, soos in ander ontwikkelende gebiede, sal waarskynlik nie spontaan in die nor= male gang van sake op sodanige skaal plaasvind dat 'n noemens= waardige bydrae tot die skepping van werkgeleenthede gelewer word nie. Dit is tans owerheidsbeleid om die Bantoetuislande ekono= mies te ontwikkel met die doel onder andere om aan soveel Bantoes as moontlik werkgeleenthede in hulle eie tuislande te verskaf om sodoende die lewenstandaard van die bewoners van die tuislande asook die nasionale volksinkome te verhoog. Van owerheidsweë is dan ook die masjinerie vir die beplanning van ekonomiese ont= wikkeling geskep. Suksesvolle beplanning kan egter nie sonder betroubare gegewens plaasvind nie.

Dit is algemeen bekend dat wanneer werkgeleenthede in 'n ekonomiese sektor geskep word, dit gewoonlik 'n stimulerende uit= werking op die ander sektore van die ekonomie het. So sal die ontstaan van 'n nywerheidskompleks die handel- en diensteseKtore stimuleer en sal daar ook in daardie sektore bykomende werkge= leenthede ontstaan.

Vir doelmatige beplanning asook doelwitbepaling is dit nodig om hierdie verskynsel, wat die vermenigvuldigeraksie ge= noem word, te kwantifiseer en die vermenigvuldigereffek in die dorp Temba in Bophuthatswana verdien om verskeie redes bestude= ring. Die aangrensende nywerheidsgebied van Babelegi is goed gevestig. Volgens woordvoerders van BBK en nyweraars in Babelegi (gesteun deur 'n opname by 4 nywerhede in Babelegi) woon ongeveer twee derdes van die werkers van Babelegi in Temba en Temba- uitbreiding.

Temba is 'n belangrike administratiewe en dienssentrum waar dus ook reeds heelwat werkgeleenthede geskep is.

Die dorp word bedien deur 'n spoorlyn en die werkers is dus binne bereik van die Pretoriase arbeidsmark.

Temba kan om bogenoemde redes dus dien as 'n eksemplaar van wat gebeur as werkgeleenthede in 'n tuisland relatief naby 'n Blanke stedelike kompleks, waarvan die infrastruktuur goed ont=wikkel is, geskep word.

## 2 DOEL

Die doel van hierdie ondersoek is om die gegewens wat as basis vir die bepaling van die vermenigvuldigeraksie van werkge=leentheidskepping vir die inwoners van Temba kan dien, te bekom en om die vermenigvuldiger te bereken.

## 3 GEBIEDSOMSKRYWING

Die gegewens vir hierdie ondersoek is van die inwoners van Temba en Temba-uitbreiding verkry.

## 4 DIE VERMENIGVULDIGER

Soms is dit nodig vir 'n regering om 'n groot bedrag geld in 'n bepaalde land of gebied te investeer om werkloosheid te ver=hoed of te verminder. Veronderstel in 'n bepaalde land of gebied is die werkloosheidsyfer hoog en die Regering beywer hom vir volle indiensneming. Die Regering spandeer miskien R1 miljoen, op reële kapitaalgoedere. In die eerste plek styg die binne=landse belegging en dus die volksinkome met hierdie bedrag. Maar dit is nie al nie. Die produksiefaktore (in die geval van ontwikkelende lande, hoofsaaklik arbeid) wat hierdie inkome ont=vang, spandeer dit weer op verbruiksgoedere. Dit verhoog weer die inkome van die werkers wat verbruiksgoedere produseer wat op hulle beurt weer meer spandeer op verbruiksgoedere en dienste. Die oorspronklike uitgawe van R1 miljoen van die Regering veroor=saak dus 'n styging van etlike miljoene rande in die inkome van die inwoners van die bepaalde land of gebied oor 'n sekere tyd.

Indien die persone wat die aanvanklike besteding (R1 miljoen) in die vorm van salarisse en lone, betaling vir gelewerde dienste of as betaling vir grondstowwe ontvang, dit oppot (spaar), sal die verhoogde besteding geen verdere invloed op die totale inkomste van die land of gebied hê nie. Indien hulle egter die bedrag wat hulle ontvang, of slegs 'n deel daar=van gebruik om hulle eie bestedings aan plaaslike goedere en

dienste te verhoog, sal dit die totale inkome van die inwoners van die betrokke land of gebied oor verloop van tyd, met meer as die investeerde bedrag van R1 miljoen laat toeneem. Hierdie verskynsel word die vermenigvuldigeraksie of vermenigvuldiger= effek genoem. Schuman, Franzen en De Kock (1964, p. 647) defi= nieer die vermenigvuldiger as "die numeriese koëffisiënt wat aantoon die mate waarin die volksinkome sal toe- of afneem by elke toe- of afname in enigeen van die onderdele van die volksbe= steding", terwyl Samuelson (1967, p. 23) dit omskryf as "... the number by which the change in investment must be multi= plied in order to present us with the resulting change in income."

Volgens Boshoff (1974) kan 'n vermenigvuldigeraksie deur 'n hele verskeidenheid van gebeurlikhede aan die gang gesit word. Die mees algemeen van die gebeurlikhede is die volgende:

(a) Investering in die betrokke land of gebied ongeag die bron van finansiering.

(b) 'n Verhoging van verbruiksbesteding in die gebied deur die owerheid gefinansier uit fondse wat van ander gebiede kom.

(c) 'n Verhoging van verbruiksbesteding in die gebied deur toeriste.

(d) 'n Verhoging van die uitvoere in 'n gebied sonder 'n ooreenstemmende verhoging in invoere.

(e) 'n Verhoging van die plaaslike inwoners se marginale of grensverbruiksgeneigdheid.

Die marginale of grensverbruiksgeneigdheid word gedefi= nieer as die addisionele hoeveelheid wat die inwoners neig om te verbruik as die volksinkome met een klein eenheid toeneem en word uitgedruk as $\frac{\Delta C}{\Delta Y}$

waar C = verbruiksbesteding

Y = inkome

$\Delta$ = 'n klein toename is.

Die grensverbruiksgeneigdheid speel by die grootte van die vermenigvuldigeraksie 'n sleutelrol want dit is duidelik uit onderstaande formule dat hoe groter dit is, hoe sterker is die vermenigvuldigereffek. Die presiese verband tussen die grens= verbruiksgeneigdheid en die vermenigvuldiger word deur die ver=

gelyking

$$K = \frac{1}{1 - \frac{\Delta C}{\Delta Y}}$$ weergegee, waar

K = vermenigvuldiger

$\frac{\Delta C}{\Delta Y}$ = grensverbruiksgeneigdheid.

Genoemde formule is die gebruiklike een wat in die mees= te handboeke aangetref word, maar tog geld dit eintlik net vir 'n geslote ekonomiese huishouding sonder 'n owerheidsektor. So gou egter as wat die vermenigvuldigereffek in 'n nie-geslote ekonomiese stelsel bereken word, afgesien van watter onderdeel van die volksbesteding dit betrekking op het, moet 'n verdere komplikasie in ag geneem word, naamlik die feit dat 'n deel van die addisionele besteding die vorm van invoere sal aanneem, wat, net soos besparing, die binnelandse uitwerking van die vermenig= vuldiger sal verswak. Naas die grensverbruiks- en spaargeneigd= hede word dan ook gepraat van die grensinvoergeneigdheid, wat gedefinieer kan word as die addisionele hoeveelheid wat die in= woners neig om in te voer as die volksinkome met een klein een= heid toeneem, dit wil sê $\frac{\Delta M}{\Delta Y}$, waar M as simbool vir die invoer gebruik word. Uit elke toename in die volksinkome word 'n deel op tuisvervaardigde verbruiksgoedere en dienste bestee $(\frac{\Delta C}{\Delta Y})$, 'n deel gespaar $(\frac{\Delta S}{\Delta Y})$ en 'n deel op invoer uitgegee $(\frac{\Delta M}{\Delta Y})$.

Besteding op ingevoerde goedere, sonder 'n ooreenstemmen= de verhoging in uitvoere, wat in die geval van 'n dorp of bepaalde gebied en van 'n land oor die kort termyn wel kan gebeur, ver= teenwoordig so 'n "lekkasie" uit die verhoogde inkome van die betrokke inwoners. Die betaling van invoere sal meebring dat inkome wat aan die "buiteland" betaal word nie meer vir aanwen= ding of sirkulasie in die "binneland" beskikbaar sal wees nie en so kan 'n deel of selfs die volle verhoging van inkome die land of gebied permanent verlaat.

Enige bedrae wat aan die owerheid as belasting betaal word, en nie deur die owerheid in die betrokke gebied of land aan verbruiksgoedere en dienste of op reële kapitale goedere binne die geografiese gebied bestee word nie, verteenwoordig na= tuurlik ook 'n lekkasie uit die plaaslike bestedingspatroon. Daar is dus ook sprake van 'n grensbelastingsgeneigdheid $(\frac{\Delta T}{\Delta Y})$.

Dus $$\frac{\Delta C + \Delta S + \Delta M + \Delta T}{\Delta Y} = 1$$

Hieruit volg dat

$$\Delta C = \Delta Y - (\Delta S + \Delta M + \Delta T)$$

'n Vermenigvuldigerformule vir 'n OOP ekonomiese stelsel sal dus as volg daaruit sien:

$$K = \frac{1}{1 - \frac{\Delta Y - (\Delta S + \Delta M + \Delta T)}{\Delta Y}}$$

waar Y = totale beskikbare inkome
S = totale besparings wat opgepot word
M = totale besteding op ingevoerde verbruiksgoedere en dienste
T = totale belastings wat nie binne die geografiese gebied aan verbruiksgoedere en dienste of op reële kapitaalgoedere bestee word nie.

Soos reeds gemeld, speel beide direkte en indirekte be= lastings 'n rol by die berekening van die vermenigvuldigeraksie. Vir die doeleindes van hierdie spesifieke ondersoek word belas= tings, om die volgende redes, buite rekening gelaat:

(a) Deur indirekte of koopbelasting en doeanebelasting, wat almal die gebied verlaat, in berekening te bring, word een vorm van dreinering op die bestedingspatroon met 'n ander vorm vervang sonder dat dit enige invloed op die grootte van die be= rekende vermenigvuldiger uitoefen.

(b) Direkte of inkomstebelasting word volgens die lopen= de betaalstelsel van die respondente se loon afgetrek en opnames het getoon dat die Swartes hul loon aangee na belastingaftrek= kings.

(c) In die geval van Swart werkers is die rol wat be= lastings speel meesal weglaatbaar klein.

Die formule wat in hierdie studie vir die berekening van die vermenigvuldigers gebruik word, is daarom

$$K = \frac{1}{1 - \frac{\Delta Y - (\Delta S + \Delta M)}{\Delta Y}}$$

Uit genoemde formule is dit duidelik dat die grootte van grensverbruiksgeneigdheid op (plaaslike geproduseerde) goe= dere en dienste in hierdie geval hoofsaaklik beïnvloed sal word deur die grensinvoergeneigdheid en die grensspaargeneigdheid. Hoe kleiner die besteding op ingevoerde goedere en dienste en hoe minder die inwoners werklik van hulle inkome spaar, hoe gro= ter sal die besteding op plaaslike verbruiksgoedere en dienste wees.

Die totale besparings wat werklik fisies gespaar word en nie weer uitgeleen word aan ander inwoners wat dit weer op ver= bruiksgoedere en dienste kan bestee nie, is berekenbaar indien 'n bestedingspatroonopname gemaak word.

Om die besteding op ingevoerde goedere en dienste te be= paal is dit ook nodig om die verbruiksbesteding van die inwo= ners te verkry en dan by handelaars en diensorganisasies te be= paal watter gedeelte van die verbruik plaaslik geproduseer word.

Gewoonlik word die vermenigvuldigerteorie aan die bin= nelandse belegging gekoppel en word daar van die beleggingsver= menigvuldiger gepraat, maar daar kan net sowel van die arbeids= vermenigvuldiger gepraat word. Soos reeds verduidelik is, het 'n verhoging van die volksinkome as gevolg van die investering op reële kapitaalgoedere, 'n verhoging van werkgeleenthede in ander ekonomiese sektore tot gevolg. Met ander woorde die totale werk= geleenthede wat geskep word, is via die vermenigvuldigereffek groter as die oorspronklike werkgeleenthede wat aanvanklik deur middel van die investering geskep is.

Uit die formule wat hierbo aangegee word, blyk dat gege= wens oor die addisionele bestedings en besparings wat sal volg op 'n klein verandering (toe- of afname) in inkomste nodig is vir die berekening van die vermenigvuldiger. Gevolglik is dit nodig om minstens twee opnames van die bestedingspatrone van 'n land of gebied te maak alvorens die vermenigvuldiger bereken kan word. Die eerste opname moet dan geskied vóór en die tweede nadat daar 'n klein verandering in die inkomstestruktuur van die bevolking of inwoners plaasgevind het.

Aangesien 'n tweede opname nie altyd prakties moontlik is nie, is daar in die vorige studies in dié verband (Boshoff, 1973, 1974) van die veronderstelling uitgegaan dat die inwoners van die gebied se bestedings- en besparingspatroon gefinansier uit 'n klein toename in inkomste presies dieselfde sal bly as hul bestedings- en besparingspatroon gefinansier uit hulle hui= dige inkomste. Met ander woorde daar is aanvaar dat die gemid= delde plaaslike verbruiksgeneigdheid gelyk is aan die marginale

plaaslike verbruiksgeneigdheid. Daar is geredeneer dat so 'n aanname waarskynlik geldig sal wees in die geval van Swart wer= kers wat na aan die broodlyn lewe en gevolglik nie in staat en/ of gewillig sal wees om op grond van 'n klein verandering in hul inkomste hul bestedingspatroon betekenisvol te verander nie.

De Klerk (1974) kom egter tot die gevolgtrekking dat be= steding in bykans al die bestedingskategorieë van die Swart wer= kers in Giyani, Ma-Kwarela en Seshego toeneem namate persoonlike inkomste toeneem maar dat die opmerklikste styging die vraag na duursame goedere is. Indien hierdie tendens as algemeen geldend vir tuislandgroeipunte beskou word, kan daar aangeneem word dat die bestedingspatroon van die Swart werkers verander namate hulle inkomste verander.

As gevolg van praktiese oorwegings is 'n tweede opname nie in Temba gedoen nie en sal daar dus in hierdie studie vol= staan word met die ramings van 'n vermenigvuldiger wat gebaseer is op die verskille tussen verbruiksbestedingspatrone tussen verskillende inkomstegroepe. Die verandering in die besteding, in teenstelling met die vorige studies, word nou in verband ge= bring met die verandering in die inkome van die inwoners in die= selfde gebied.

## 5 METODE VAN ONDERSOEK

Die gegewens vir die ondersoek is ingesamel deur middel van 'n huis-tot-huisopname om die bestedingspatroon van die in= woners vir Januarie 1974 te bepaal en 'n opname by alle hande= laars en dienslewerende organisasies in die gebied is gedoen om te bepaal watter persentasie van die goedere en dienste wat in die gebied verhandel word, ook in die gebied geproduseer word.

Die huis-tot-huisopname van 'n steekproef van huishoudings is deur 6 Swart veldwerkers onder toesig van die outeur gedoen. Die Swart veldwerkers was almal onderwysers van beroep. Daar is van 'n gestruktureerde vraelys gebruik gemaak (kyk bylae A). Die vraelys toon dat die besteding van inkome volgens 40 items verkry is. Vorige opnames (Boshoff 1973, 1974) het getoon dat 'n redelike mate van detail nodig is voordat die respondent in staat is om in redelike mate verslag te kan doen van hoe sy in= komste bestee is.

In paragraaf 4 (bl. 6) is aangetoon dat die persentasie plaaslike geproduseerde goedere en dienste by handelaars en diens= organisasies verkry moet word. Die bruto winspersentasie wat handelaars of diensorganisasies op verskillende items maak, word beskou as die plaaslik geproduseerde gedeelte van goedere en

dienste. Vir hierdie gedeelte van die ondersoek is die 40 items van die vraelys na 14 bestedingskategorieë gereduseer (kyk bv. tabel 7.3). Dit was nie moontlik om in alle gevalle presies te bepaal watter persentasie van die plaaslike verhandelbare goedere en dienste plaaslik geproduseer word nie. In baie gevalle moes die persentasie op die bruto winskoers van plaaslike handelaars, soos uit die ervaring van amptenare van die Bantoe Beleggingskorporasie (BBK) bekend is, gebaseer word. Ander persentasies is weer gebaseer op die inligting van plaaslike amptenare en handelaars beide Blank en Swart.

## 6 STEEKPROEF EN ONDERSOEKGROEP

Die toekenning van woonhuise aan huurders in 'n dorp soos Temba word min deur die aard van die beroep wat 'n persoon beoefen of sy inkomste beïnvloed Daar is dus nie juis sprake van 'n "uitsoekbuurt" in so 'n dorp nie.

Die wooneenheid is as basis vir die trek van die steekproef gebruik. Alle persone in so 'n wooneenheid wat oor 'n inkomste van een of ander aard beskik het en wat bo 15 jaar oud was, is oor die besteding van die inkomste ondervra. Voltydse studente en skoliere bo 15 jaar, wat oor toevallige inkomste beskik, is nie by die ondersoek betrek nie.

Die opnamegebied is in 6 dele verdeel wat elk aan 'n veldwerker toegeken is. Binne die toegekende gebied is vir verdere verspreiding gesorg deurdat die veldwerker in 'n straat slegs by elke tweede huis vraelyste kon voltooi. Indien die persone nie tuis is nie, moes so 'n huis oorgeslaan word en na die volgende huis verder van die beginpunt gegaan word. 'n Goeie verspreiding deur die opnamegebied is op hierdie wyse verseker. Veldwerk is alleen na-ure wanneer die werkers tuis is, gedoen.

Ten tye van die opname was daar 3800 wooneenhede in die opnamegebied waarvan 301 (7,9%) besoek is en in totaal is 576 bruikbare vraelyste voltooi.

Daar is geen gegewens oor die eienskappe van die bevolking van Temba soos onderwyspeil, ouderdom, geslagsverdeling ensovoorts bekend nie. Die gegewens is verder ook net van persone wat oor 'n besteebare inkomste beskik, verkry. Dit is dus nie moontlik om te bepaal of die verkreë steekproef verteenwoordigend van die spesifieke populasie van Temba is nie. In die volgende paragrawe word ontledings van die ondersoekgroep aan die hand van verskillende veranderlikes aangebied sodat die verkreë steekproef in die lig van die doelstelling van die ondersoek beoordeel kan word.

## 6.1 OUDERDOM EN GESLAG

In tabel 6.1 word die ondersoekgroep volgens ouderdom en geslag ontleed. Die tabelle toon dat die geslagsverdeling naas=tenby 50 : 50 is. In 'n woonbuurt waar daar nie trekarbeiders woon nie kan 'n gelykopverdeling van mans en vroue verwag word. Min persone word in die ouderdomsgroep 15-19 jaar aangetref. In die verband moet in gedagte gehou word dat skoliere en stu=dente nie betrek is nie. Verder kom die verdeling volgens ou=derdom normaal voor.

TABEL 6.1

OUDERDOMSVERSPREIDING VAN DIE ONDERSOEKGROEP IN VYFJAAR-OUDERDOMSINTERVALLE VOLGENS GESLAG

| Ouderdom | | Geslag: Manlik N | Manlik % | Vroulik N | Vroulik % | Totaal N | Totaal % |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 15 - 19 | N | 9 | 3,1 | 17 | 5,9 | 26 | 4,5 |
| | % | 34,6 | | 65,4 | | 100 | |
| 20 - 24 | N | 34 | 11,9 | 51 | 17,6 | 85 | 14,8 |
| | % | 40,0 | | 60,0 | | 100 | |
| 25 - 29 | N | 63 | 22,0 | 58 | 20,0 | 121 | 21,0 |
| | % | 52,1 | | 47,9 | | 100 | |
| 30 - 34 | N | 55 | 19,2 | 39 | 13,4 | 94 | 16,3 |
| | % | 58,5 | | 41,5 | | 100 | |
| 35 - 39 | N | 31 | 10,8 | 38 | 13,1 | 69 | 12,0 |
| | % | 44,9 | | 55,1 | | 100 | |
| 40 - 44 | N | 32 | 11,2 | 32 | 11,0 | 64 | 11,1 |
| | % | 50,0 | | 50,0 | | 100 | |
| 45 - 49 | N | 30 | 10,5 | 29 | 10,0 | 59 | 10,2 |
| | % | 50,8 | | 49,2 | | 100 | |
| 50 - 54 | N | 17 | 5,9 | 10 | 3,4 | 27 | 4,7 |
| | % | 63,0 | | 37,0 | | 100 | |
| 55 - 59 | N | 9 | 3,1 | 6 | 2,1 | 15 | 2,6 |
| | % | 60,0 | | 40,0 | | 100 | |
| 60 - 64 | N | 4 | 1,4 | 6 | 2,1 | 10 | 1,7 |
| | % | 40,0 | | 60,0 | | 100 | |
| 65 + | N | 2 | 0,7 | 4 | 1,4 | 6 | 1,0 |
| | % | 33,3 | | 66,7 | | 100 | |
| TOTAAL | N | 286 | 100 | 290 | 100 | 576 | 100 |
| | % | 49,7 | | 50,3 | | 100 | |

## 6.2 BEROEP, EKONOMIESE SEKTOR EN WERKSTATUS

In tabelle 6.2 tot 6.4 word die beroepsgroepverdeling, ekonomiese sektor en werkstatus aangetoon.

Die onderlinge samehang van beroep, ekonomiese sektor en werkstatus word weerspieël in die tabelle.

Indien in aanmerking geneem word dat baie van Babelegi se werkers in Temba woon, is die relatief hoë persentasie perso= ne in die operateurs en halfgeskoolde beroepe (tabel 6.2) en in die fabriekswesesektor (tabel 6.3) te verstane. Die 12,0 per= sent vir professionele beroepe kom egter hoog voor. Of dit op 'n skeefheid in die steekproef wys en of dit 'n eienskap van die Temba-bevolking is, is onbepaalbaar. Tabel 6.4 toon dat al die verwagte werkstatusgroepe in die ondersoekgroep voorkom. Die ge= tal werkloses kom klein voor, maar daar moet onthou word dat slegs persone met 'n inkomste by die ondersoek betrek is.

## 6.3 KWALIFIKASIES

In tabel 6.5 word die skoolkwalifikasies wat deur die ondersoek behaal is, aangedui.

Opmerklik in tabel 6.5 is die feit dat net 12,8 persent van die groep geen skoolkwalifikasies behaal het nie. Die groot= ste enkele persentasie (44,1%) het 'n onderwyspeil wat wissel van st.3 tot st.6. Hierdie waarskynlik relatief hoë onderwyspeil van die ondersoekgroep moet gesien word in lig van die feit dat baie van hulle operateurswerk in fabrieke doen waarvoor laerskool= opleiding gewoonlik vereis word.

## 6.4 PLEK VAN WERK, AFSTAND VAN WERK EN SOORT VERVOER

Tabelle 6.6, 6.7 en 6.8 toon 'n ontleding van die onder= soekgroep volgens plek van werk, afstand van werk en soort ver= voer wat gebruik word om by die werk te kom.

Tabel 6.6 toon dat meer as driekwart van die werkendes in Babelegi in Temba en Hammanskraal werk, met die gevolg dat 'n groot persentasie (75,2%) binne 'n afstand van 4 myl of minder van hul werkplek af woon (tabel 6.7). As gevolg hiervan stap baie van die werkers dus werk toe of ry met 'n fiets (tabel 6.8).

TABEL 6.2

BEROEPSVERSPREIDING VAN DIE ONDERSOEKGROEP VOLGENS GESLAG

| Beroepsgroep | Geslag | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Manlik | | Vroulik | | | |
| | N | % | N | % | N | % |
| Professionele en semi-professionele werkers | 27 | 9,7 | 25 | 16,2 | 52 | 12,0 |
| Administratiewe en klerklike werkers | 26 | 9,3 | 7 | 4,5 | 33 | 7,6 |
| Verkoopswerkers | 12 | 4,3 | 12 | 7,8 | 24 | 5,5 |
| Vervoer- en kommunikasie werkers | 38 | 13,6 | 1 | 0,6 | 39 | 9,0 |
| Dienswerkers | 20 | 7,2 | 2 | 1,3 | 22 | 5,1 |
| Ambagsmanne en vakleerlinge | 18 | 6,5 | | | 18 | 4,2 |
| Voormanne en toesighouers | 2 | 0,7 | | | 2 | 0,5 |
| Operateurs, halfgeskoolde werkers | 79 | 28,3 | 52 | 33,8 | 131 | 30,3 |
| Arbeiders | 57 | 20,4 | 55 | 35,7 | 112 | 25,9 |
| TOTAAL N | 279 | 100 | 154 | 100 | 433 | 100 |
| TOTAAL % | 64,4 | | 35,6 | | 100 | |
| Ongespesifiseer/werkloos | 7 | | 136 | | 143 | |
| GROOTTOTAAL | 286 | | 290 | | 576 | |

TABEL 6.3

VERSPREIDING VAN DIE ONDERSOEKGROEP VOLGENS EKONOMIESE SEKTOR EN GESLAG

| Ekonomiese sektor | Geslag | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Manlik | | Vroulik | | | |
| | N | % | N | % | N | % |
| Landbou | 2 | 0,7 | | | 2 | 0,4 |
| Fabriekswese | 128 | 45,2 | 107 | 62,6 | 235 | 51,8 |
| Bou en Konstruksie | 30 | 10,6 | 1 | 0,6 | 31 | 6,8 |
| Handel | 41 | 14,5 | 14 | 8,2 | 55 | 12,1 |
| Vervoer | 17 | 6,0 | | | 17 | 3,7 |
| Finansiering | 7 | 2,5 | | | 7 | 1,5 |
| Dienste | 58 | 20,5 | 49 | 28,7 | 107 | 23,6 |
| TOTAAL N | 283 | 100 | 171 | 100 | 454 | 100 |
| TOTAAL % | 62,3 | | 37,7 | | 100 | |
| Ongespesifiseerd en/of pen=sioentrekkers en/of huisvroue | 3 | | 119 | | 122 | |
| GROOTTOTAAL | 286 | | 290 | | 576 | |

TABEL 6.4

WERKSTATUS VAN DIE ONDERSOEKGROEP VOLGENS GESLAG

| Werkstatus | | Geslag | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | Manlik | | Vroulik | | | |
| | | N | % | N | % | N | % |
| Permanente werk | | 279 | 98,2 | 164 | 58,8 | 443 | 78,7 |
| Tydelike werk | | 2 | 0,7 | 3 | 1,1 | 5 | 0,9 |
| Werkloos maar soek werk | | | | 18 | 6,5 | 18 | 3,2 |
| Werkloos maar soek nie werk nie | | | | 3 | 1,1 | 3 | 0,5 |
| Ongeskik vir werk | | 1 | 0,4 | 3 | 1,1 | 4 | 0,7 |
| Pensioentrekker of huisvrou | | 2 | 0,7 | 88 | 31,5 | 90 | 16,0 |
| TOTAAL | N | 284 | 100 | 279 | 100 | 563 | 100 |
| | % | 50,4 | | 49,6 | | 100 | |
| Ongespesifiseerd | | 2 | | 11 | | 13 | |
| GROOTTOTAAL | | 286 | | 290 | | 576 | |

TABEL 6.5

ONDERWYSPEILSTRUKTUUR VAN DIE ONDERSOEKGROEP VOLGENS GESLAG

| Onderwyspeil | | Geslag | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | Manlik | | Vroulik | | | |
| | | N | % | N | % | N | % |
| Geen | N | 28 | 9,9 | 45 | 15,6 | 73 | 12,8 |
| | % | 38,4 | | 61,6 | | 100 | |
| Sub A tot st. 2 | N | 28 | 9,9 | 42 | 14,6 | 70 | 12,2 |
| | % | 40,0 | | 60,0 | | 100 | |
| St. 3 tot st. 6 | N | 117 | 41,2 | 135 | 46,9 | 252 | 44,1 |
| | % | 46,4 | | 53,6 | | 100 | |
| Vorm 1 en 2 | N | 42 | 14,8 | 29 | 10,1 | 71 | 12,4 |
| | % | 59,2 | | 40,8 | | 100 | |
| Vorm 3 en 4 | N | 47 | 16,5 | 34 | 11,8 | 81 | 14,2 |
| | % | 58,0 | | 42,0 | | 100 | |
| Vorm 5 | N | 22 | 7,7 | 3 | 1,0 | 25 | 4,4 |
| | % | 88,0 | | 12,0 | | 100 | |
| TOTAAL | N | 284 | 100 | 288 | 100 | 572 | 100 |
| | % | 49,7 | | 50,3 | | 100 | |
| Vraelys nie beantwoord nie | | 2 | | 2 | | 4 | |
| GROOTTOTAAL | | 286 | | 290 | | 576 | |

## TABEL 6.6

### GEOGRAFIESE VERSPREIDING VAN DIE ONDERSOEKGROEP SE WERKPLEK VOLGENS GESLAG

| Werkplek | Geslag | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Manlik | | Vroulik | | | |
| | N | % | N | % | N | % |
| Babelegi | 126 | 44,5 | 106 | 62,0 | 232 | 51,1 |
| Temba/Hammanskraal | 77 | 27,2 | 42 | 24,6 | 119 | 26,2 |
| Rosslyn | 4 | 1,4 | | | 4 | 0,9 |
| Pretoria | 51 | 18,0 | 16 | 9,4 | 67 | 14,8 |
| Ander | 25 | 8,8 | 7 | 4,1 | 32 | 7,0 |
| TOTAAL N | 283 | 100 | 171 | 100 | 454 | 100 |
| % | 62,3 | | 37,7 | | 100 | |
| Ongespesifiseerd en/of huisvroue en/of werkloos | 3 | | 119 | | 122 | |
| GROOTTOTAAL | 286 | | 290 | | 576 | |

## TABEL 6.7

### VERSPREIDING VAN ONDERSOEKGROEP VOLGENS AFSTAND VAN WERKPLEK

| Werkafstand | Geslag | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Manlik | | Vroulik | | | |
| | N | % | N | % | N | % |
| < 1 myl | 42 | 14,9 | 16 | 9,4 | 58 | 12,8 |
| 1 - 2 myl | 38 | 13,5 | 26 | 15,2 | 64 | 14,1 |
| 3 - 4 myl | 117 | 41,5 | 102 | 59,6 | 219 | 48,3 |
| 5 - 9 myl | 10 | 3,5 | 4 | 2,3 | 14 | 3,1 |
| 10 - 14 myl | 4 | 1,4 | | | 4 | 0,9 |
| 15 - 19 myl | 8 | 2,8 | 1 | 0,6 | 9 | 2,0 |
| 20 - 29 myl | 44 | 15,6 | 16 | 9,4 | 60 | 13,2 |
| > 30 myl | 19 | 6,7 | 6 | 3,5 | 25 | 5,5 |
| TOTAAL N | 282 | 100 | 171 | 100 | 453 | 100 |
| % | 62,3 | | | 37,7 | 100 | |
| Ongespesifiseerd en/of huisvroue en/of werkloos | 4 | | 119 | | 123 | |
| GROOTTOTAAL | 286 | | 290 | | 576 | |

TABEL 6.8

VERSPREIDING VAN ONDERSOEKGROEP VOLGENS TIPE VERVOER WAT GEBRUIK WORD OM WERKPLEK TE BEREIK

| Vervoer | | Geslag | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | Manlik | | Vroulik | | | |
| | | N | % | N | % | N | % |
| Stap | | 107 | 37,9 | 77 | 45,0 | 184 | 40,6 |
| Fiets | | 12 | 4,3 | | | 12 | 2,6 |
| Trein | | 60 | 21,3 | 18 | 10,5 | 78 | 17,2 |
| Bus | | 90 | 31,9 | 69 | 40,4 | 159 | 35,1 |
| Huurmotor | | 3 | 1,1 | 3 | 1,8 | 6 | 1,3 |
| Motor | | 10 | 3,5 | 4 | 2,3 | 14 | 3,1 |
| TOTAAL | N | 282 | 100 | 171 | 100 | 453 | 100 |
| | % | 62,3 | | 37,7 | | 100 | |
| Ongespesifiseerd en/of werkloos | | 4 | | 119 | | 123 | |
| GROOTTOTAAL | | 286 | | 290 | | 576 | |

Die voorgaande tabelle toon dat daarin geslaag is om 'n ondersoekgroep te bekom wat ten opsigte van die veranderlikes soos beroep, ouderdom ensovoorts nie homogeen is nie, maar goed oor die kategorieë van die veranderlikes versprei is. Dit is nie die doel met die ondersoek om die bevolking van Temba te beskryf nie, maar om inligting vir die bepaling van die vermenigvuldigeraksie van werkgeleentheidskepping vir die inwoners van Temba te bekom. Alhoewel dit nie moontlik is om sonder meer te verklaar dat die steekproef absoluut verteenwoordigend van die Temba-bevolking is nie, is dit hoogs onwaarskynlik dat moontlike skeefhede in steekproef die resultate van die ondersoek só sal beïnvloed dat die gevolgtrekkings ongeldig is.

## 7 DIE VERBAND TUSSEN INKOMSTE EN BESTEDING

### 7.1 INLEIDING

Die ekonomiese ontwikkeling van die Bantoetuislande hang ten nouste saam met die ontwikkeling van fabriekswese in bepaalde nywerheidsgroeipunte. Deur nywerheidsontwikkeling in of naby die gebiede waar groot konsentrasies Bantoes woonagtig is, word werkgeleenthede geskep wat 'n inkome aan die betrokke inwoners besorg soos dan ook inderdaad die geval in Temba is. Namate in=

kome en lewenstandaarde styg, sal daar gevolglik 'n groter vraag na tersiêre goedere en dienste ontstaan. Hierdie vraag na goe= dere en dienste sal in 'n groot mate afgelei kan word van klem= verskuiwings in die algemene bestedingspatroon namate persoonlike inkome toeneem.

Alvorens die verandering wat in die bestedingspatroon plaasvind namate inkome toeneem, ontleed word, is dit wenslik om die inkomstestruktuur van die ondersoekgroep te ontleed.

In tabel 7.1 word die inkomstestruktuur van die onder= soekgroep vir Januarie 1974 volgens geslag aangedui. Dit is opmerklik dat bykans 98 persent van die mans se persoonlike in= kome teenoor slegs 39 persent van die vroue se inkomste deur middel van salarisse verkry word. Meer as 55 persent van die vroue se persoonlike inkome word meestal deur die mans aan hulle oorbetaal. Om hierdie rede is die bydrae tot huishoudelike uit= gawe by die bestedingspatroon van die ondersoekgroep buite reke= ning gelaat. Rekenkundig gesproke is dit maar slegs 'n kontra-inskrywing.

Soos in ander ondersoeke van die RGN oor bestedingspatro= ne en vermenigvuldigeraksie (Boshoff, 1973 en De Klerk 1974) kom die totale besteding soos deur die respondente verstrek nie ooreen met hul totale inkomste nie. Die totale besteding is minder as die totale inkomste omdat die respondente nie van al hul uitgawes rekenskap kan gee nie. Volgens tabel 7.1 is die totale inkomste van die ondersoekgroep, bydraes tot huishoude= like uitgawes uitgesluit R25 255, en die totale besteding is soos later sal blyk, R24 837 (kyk tabel 7.13), 'n verskil van R418. Vir die doeleindes van die berekening van die vermenigvuldigers word die bedrag van R24 837 aanvaar as die respondente se totale beskikbare inkomste.

In tabel 7.2 word die netto salarisstruktuur van die mans en vroue met mekaar vergelyk. Die salarisstruktuur kom normaal voor veral as in gedagte gehou word dat die mans se maandelikse gemiddelde loon R66 teenoor die vroue se R31 is.

Daar kan verwag word dat die bestedingspatroon van die ondersoekgroep sal verander namate die inkome toeneem. In hier= die paragraaf sal gepoog word om hierdie verskynsel te ontleed.

Vir die doeleindes van hierdie ondersoek, is die per= soonlike maandelikse besteding van al die persone in 14 beste= dingskategorieë verdeel, naamlik:

(a) Huisvesting
(b) Huishoudelike brandstof
(c) Kruideniersware en voedsel
(d) Vervoer
(e) Klerasie
(f) Paaiemente op duursame goedere
(g) Besparing
(h) Medisyne en doktersgelde
(i) Skryfbehoeftes en toiletware
(j) Rookgeld
(k) Drank
(l) Kerkbydraes
(m) Begrafnisversekering
(n) Ander.

Wat inkomste betref, is alle persone in vier (4) groepe ingedeel, te wete

| | | Getal | | |
|---|---|---|---|---|
| | | Vroue | Mans | Totaal |
| (a) | Groep 1 : persoonlike maandelikse inkomste R1 tot R30 | 110 | 132 | 242 |
| (b) | Groep 2 : persoonlike maandelikse inkomste R31 tot R60 | 116 | 97 | 213 |
| (c) | Groep 3 : persoonlike maandelikse inkomste R61 tot R90 | 39 | 26 | 65 |
| (d) | Groep 4 : persoonlike maandelikse inkomste R91 of meer | 25 | 31 | 56 |
| | TOTAAL | 290 | 286 | 576 |

Die inkomstegroepindeling is so gekies dat daar altesaam minstens 50 persone in 'n inkomstekategorie voorkom.

Die verskille in die bestedings tussen genoemde vier inkomstegroepe ten opsigte van die 14 bestedingskategorieë, word ondersoek.

Daar dien gelet te word dat die syfers gebaseer is op inkomste en besteding soos in Januarie 1974. Hoewel inkomste en dus ook besteding sedertdien toegeneem het, is die werklike vlak van inkomste en van besteding nie van wesentlike belang in hierdie ontleding nie, aangesien slegs gepoog word om die klemverskuiwing van besteding namate inkomste styg, aan te toon. Dit gaan dus oor die bestedingspatroon en nie die peil van besteding nie.

Aangesien die bestedingspatrone van die mans en vroue radikaal verskillend is, word die gegewens afsonderlik aangedui.

TABEL 7.1

MAANDELIKSE INKOMSTESTRUKTUUR VAN DIE ONDERSOEKGROEP VOLGENS GESLAG

| Bron van Inkome | Mans | | | | | | Vroue | | | | | | Totaal | | | | | |
